Iets Nuu(✝)s

Efesiërs 4:16
Hy is immers die Hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.

10 November 2019

Inligting:

Gereformeerde Kerk Sasolburg. h/v Faickney en van Eckstraat
Leraar: Marcel Floor 0828285811
Admin: Colleen Koekemoer – 016-976 5094 / 082 855 4769: admin@gksasolburg.co.za
webwerf: www.gksasolburg.co.za ;
Webblad:www.gksasolburg.co.za
Barmhartigheid: Semone Pienaar 0846426597 epos semone1grobler@gmail.com
Geboue: PJ Gouws – 079 492 8404 **Koster**: Sandra vd Sandt 083 457 8904
Omgeekantoor: Ma-Vry 9:00-12:00 016 976 7785 epos: omgee@gksasolburg.co.za

DIENSBEURT: BLOK C

Kollekte ONDER DIENS: Barmhartigheid
Kollekte by DEURE: Teologiese Studentebehuising

WOORDBEDIENING

Matt. 26:14-16, 20-25, 47-50, 27:3-10.
Kernverse: Matt. 26:24-25

Tema: Jesus verwag opregtheid en berou en bekering aan sy Nagmaalstafel.

1. Mense het verskillende opinies en gevoelens oor Judas Iskariot.
    a. Maar wat sê God deur Judas se geskiedenis vir ons, veral ook as ons aan die Nagmaalstafel wil kom sit?

VERJAARSDAE

12/11 DU PLOOY, HESTER 016 9324348 / 0828546316
12/11 VAN SCHALKWYK, CARO 016 9760238

2. Judas se verraad is reeds in die Ou Testament aangekondig. (Joh. 13:18 & Ps. 41:10, Matt. 27:5-10 & Sag. 11:12-13, Hand. 1:20 & Ps. 69:25 & 109:8)
3. Wat sê die Bybel verder oor Judas?
    a. Hy is 'n duiwel. (Joh. 6:70-71)
    b. Hy was 'n dief wat geld uit die dissipels se beursie gesteel het. (Joh. 12:6)
4. Judas soek nog 'n geleentheid om geld uit Jesus se kort bediening te maak. (Matt. 26:15)
    a. Hy word nie deur God verlei en versoek tot sonde nie, maar deur sy eie sondige begeertes. (Jak. 1:13-14)
5. Judas kom sit aan die eerste Nagmaalstafel met 'n masker.
    a. Die duiwel het Judas reeds op die gedagte gebring om Jesus te verraai. (Joh. 13:2)
        i. Judas was nie 'n willose instrument in God se plan nie, maar Hy het willens en wetens gekies om hom deur die Satan te laat meesleur...
    b. Jesus is hewig ontsteld oor Judas so in die duiwel se strik getrap het. (Joh. 13:21)
    c. Jesus ontmasker Judas se onopregtheid aan die Nagmaalstafel, en Judas gaan uit (Joh. 13:27 & 30)
6. Later die nag in Getsemane.
    a. Judas se verraad. (Matt. 26:49)
7. Jesus word ter dood veroordeel deur die Joodse raad.
    a. Judas kry spyt. (Matt. 27:3)
    b. Hy probeer Jesus se veroordeling omkeer, maar dit is te laat. (Matt. 27:4)
    c. Die tragiese berigte van Judas se wanhopige einde. (Matt. 27:5, Hand. 1:18)
    d. Jesus Self sê aan die Nagmaalstafel dat Judas verlore gegaan het. (Joh. 17:12)
8. Wat sê God met Judas se geskiedenis vandag?
    a. Hoe is dit van toepassing as ons aan die Nagmaalstafel kom sit?

GKSA ALMANAKKE EN ONS JAARPROGRAM

Die wat almanakke bestel het vanaf die Admin Buro, asook ons jaarprogramme vir 2020 sal na die diens in die konsistorie te koop wees. Almanakke is R86.00 en Jaarprogramme is R10.00

DANKBAARHEIDSPROJEK

Soos verlede jaar, loods ons weer 'n dankbaarheidsprojek gedurende November en Desember, waar lidmate wat in 'n posisie is en diegene wat dit in hul hart voel, die geleentheid het om 'n ekstra bydrae te gee om sodoende die kerkkas aan te vul. Onthou asseblief om duidelike verwysings by inbetalings te maak.
Baie dankie
Finansiële Diensgroep

VERSORGER BENODIG

Indien u sou belangstel in die onderstaande pos kan u, u cv stuur na leonie@helpersathome.co.za of WhatsApp na 083 338 2973 (08:00 – 12:30)

- Persoon moet eie kar en lisensie hê
- Om na bejaarde 83 jarige, tannie toesig te hou in Sasolburg
- Inbly maandae tot Vrydae tot 16h30
- Ouma kan alles self doen..hul soek net n toesighouer dat sy nie seer kry
- Moet eenkeer n maand met haar ry na dr toe of so
- Salaris: R2500
- (Jy kan steeds jou eie persoonlike sake gaan doen deur die dag...maar moet daar inbly)